
Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 04 Oct 2017
Page: 1

AVE: 22819.08
Circulation: 45000
Part: 1 of 1





Ontstoke TUT-ondersteuners het selfs busse aan die brand gesteek toe geweld uitgebreek het tydens die sokkerwedstryd tussen TUT en Tukkies. Foto: FACEBOOK




Noodpersoneel help een van die toeskouers wat beseer is tydens die onlangse Varsity-sokkerwedstryd tussen die Universiteit van Pretoria en die Tshwane-Universiteit vir Tegnologie (TUT). TUT-ondersteuners het bakstene en klippe begin rondgooi toe dit duidelik word dat Tukkies die wedstryd gaan wen. Foto: REG CALDECOTT

# Geweld by sokker ondersoek

**Sylvia van Zyl**

Die Universiteit van Pretoria het vooraf versoek dat die Varsity-sokkerwedstryd tussen Tukkies en die Tshwane-Universiteit vir Tegnologie (TUT) by 'n neutrale sportstadion gehou word, juis omdat hulle gevrees het vir geweld by dié twee spanne se onlangse kragmeting.

Volgens Toby Sutcliffe, waarnemende hoof van Tuks Sport, het die TUT hulle egter verseker die nodige sekerheidsmaatreëls is ingestel m die spelers en toeskouers se veiligheid te verseker.

Die Varsity-wedstryd tussen die twee Pretoriase universiteite is toe Donderdagaand by die TUT gespeel.

Toe Tuks hulle tweede doel aanteken en dit duidelik word dat hulle die wedstryd gaan wen, het TUT-ondersteuners bakstene en bierbottels begin rondgooi.

Hulle het deur die staalrelings gebreek en op die sokkerveld gehardloop. Talle busse en motors is ook beskadig.

Sutcliffe sê dinge is nou in die TUT se hande en wag hulle om te hoor wie vir die skade aan Tuks se voertuie en Tuks-personeel se voertuie gaan betaal.

"Ons spelers het so goed gespeel. Ek is ongelooflik trots op hulle. Dit is net hartseer dat hulle die beker nie op 'n beter wyse kon ontvang nie. Die gewelddadigheid het 'n demper op ons spelers se oorwinning geplaas," sê Sutcliffe.

'n Toeskouer wat anoniem wil bly, meen dat die sekerheid by die wedstryd nie op standaard was nie. Volgens hom het 'n halwe baksteen hom in die harwar met millimeters gemis en sowat 2 m agter hom geval.

"Wat sou gebeur as die baksteen my teen die kop getref het? Wie sou pa gestaan het daarvoor?" wil hy weet.

Volgens Duitser Bosman, uitvoerende hoof van die Varsity-beker-reeks, sal daar 'n ondersoek plaasvind.

"Die moontlikheid om die TUT uit die Varsity-reeks te skors, was nog glad nie genoem nie. Wat gebeur het, was baie jammer – vir ons en vir die TUT," sê Bosman.

Willa de Ruiter, TUT-woordvoerder, sê die universiteit veroordeel die geweld ten sterkste.

"Toeskouers het sowat ses minute voordat die eindfluitjie geblaas het op die veld gehardloop en die wedstryd is toe gevolglik gestop. Daar moet altyd gesonde mededinging tussen spanne wees, maar vir die toeskouers om tot geweld oor te gaan en eiendom te beskadig, is onaanvaarbaar."

Volgens haar sal die universiteit die rol van sy studente in die geweld deeglik ondersoek.

"Die skuldiges sal die volle gevolge van hul dade moet dra. Die universiteit sal ook dissiplinêre stappe teen die skuldiges doen."

Sy het bevestig dat 'n paar studente geringe beserings in die geweld opgedoen het.

"Gerugte dat 'n student oorlede is in die geweld is nog nie bevestig nie, maar word deur die TUT ondersoek," sê De Ruiter.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.